# KINDERKERK LES: Die Bybel is – Die lig op ons pad

**Doel van les:**

- Derde les in ons reeks oor die Bybel. Kinders gaan in hierdie les leer dat die Bybel as 'n gids gebruik kan word om ons te help in ons tyd hier op die aarde.

(Hierdie les het redelik voorbereiding nodig. Kry genoeg grootmense om buite na die kinders te kyk, en sodat hulle rustig na die klas kan stap. Jy moet die klassie deurmekaar maak deur bv. bankies rond te skuif, papier, hoola hoops ens. op die grond te gooi. Die kinders moet eers saam met jou die vertrek regpak, soos die tempel reggemaak en skoongemaak moes word. Steek iewers 'n Bybel weg waar dit "gevind" kan word.)

**Inleiding:** Soos die kinders uit die kerk beweeg na die kinderkerk, lei hulle deur die kombuis na die vierkant buite. Laat hulle in 'n groot sirkel staan. **Sê:** Maatjies, maak julle ogies toe en verbeel julle dat julle deur 'n donker woud loop, en jy weet nie waar jy is en waarheen jy oppad is nie. Jy kan nie voor jou sien nie, want dis baie donker, maar jy stap maar so voetjie vir voetjie versigtig verder oor al die klippe en bossies. Ewe skielik onthou jy dat jy al die tyd 'n flits in jou sak het. Jy het vergeet! Maak julle ogies oop. Sodra jy die flits aansit, sien jy dat daar 'n maklike paadjie is wat die heeltyd nog naby jou was. Jy stap na die paadjie toe, en met die flits en die paadjie waar daar nie veel klippe is nie, stap jy nou sommer lekker vinnig deur die woud.

Hoe sal julle voel as julle met daai flits stap, en jy laat val die flits? Dit rol weg en jy kan dit glad nie kry nie? Kry terugvoering van kinders.

Baie lank gelede, voor Jesus se geboorte, het die volk Juda God se wetboek – 'n deel wat in ons Bybel is - verloor. Hulle was toe soos mense sonder 'n flits in 'n donker woud. Kom ons stap op klassie toe en dan kyk ons wat het gebeur.

Soos julle in die klas kom moet jy baie verras lyk. Agge nee! Kyk hoe deurmekaar is dit hier binne. Ek wil julle graag 'n Bybel storie vertel het, en nou is my Bybel weg in die gemors. Maatjies, sal julle my help om gou als reg te pak en te soek vir my Bybel? Laat die kinders dan help om als netjies op hul plek te sit. Kyk wie kry eerste jou Bybel.

Sodra als netjies is, laat die kinders in groepe gaan sit. Ek het julle netnou vertel van die volk Juda wat hulle wetboek van God verloor het. Kom ek vertel julle wat gebeur het aangesien ons my Bybel gevind het.

**Vertel die verhaal van Josia in 2 Konings 22:1-20.**

Baie, baie lank gelede was daar konings wat oor Israel en Juda regeer het. Party van die konings was soet en het geluister na God en ander was baie stout en het ander gode aanbid en die mense van hulle land verkeerde dinge laat doen.

Vandag wil ek julle van 'n baie soet koning vertel – Koning Josia. Kan julle glo hy was net 8 jaar oud toe hy koning geword het? Wie van julle is 8 jaar oud, of het 'n boetie of sussie wat 8 jaar oud is? Wat sou die maatjies wat 8 jaar oud is doen as julle nou president van Suid-Afrika raak? Julle mag dan nog nie eens bestuur of alleen by die huis bly nie!

Koning Josia was baie lief vir God en het doen wat goed is in God se oë. Hy het alle valse gode vernietig en gesê dat sy volk net die Here mag aanbid. Van die konings voor koning Josia het die kerk van God lelik verinneweer. Die goeie koning Josia het besluit die kerk van God moet skoon en reg gemaak word. Tussen die gemors het 'n priester die Wetboek wat die HERE aan Moses gegee het, en lank verlore was, gekry. Die Wetboek is die eerste vyf boeke wat ons in ons Bybels kry. Toe die koning die woorde van die Wet hoor het hy sy klere geskeur van hartseer. Josia het geweet hoe verskriklik die volk van die Here afgedwaal het en dat God baie kwaad daaroor moes wees.

Maatjies, hierdie volk van God was soos mense wat op 'n donker pad in die woud stap sonder 'n flits. Omdat hulle Bybel verlore was, het hulle nie geweet hoe om reg te leef nie. Psalm 119:105 sê vir ons dat die Bybel 'n lig op ons pad is. Hoe meer ons ons Bybels lees hoe beter weet ons wat reg en verkeerd is. Dis hoekom dit baie belangrik is om elke dag ons Bybels te lees. Vra vir mamma of pappa as jy nog nie lekker kan lees nie om vir jou Bybel te lees sodat ons nie soos die volk van Juda raak nie.

**Aktiwiteit:** Indien daar tyd is, kan kinders hidden picture doen. Daar is tien hartjies vir die kinders om te soek. Sodra hulle 'n hartjie kry, moet hulle dit rooi inkleur.

Sluit af met gebed in groepe.

# Josiah Honors God

Color the picture. Hidden in this picture are 10 hearts. Color each heart red when you find it. Can you find them all?

